



## FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Prof Yusef Waghid

Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde

ONS IS VASBESLOTE om erkenning en agting te verwerf as 'n onbetwisbaar toonaangewende, betrokke en navorsingsgedrewe fakulteit opvoedkunde. Van 2010 tot 2015 sal ons die volgende strategiese inisiatiewe onderneem:

- *Lewering van navorsingsgedrewe personeel.*
- *Herkonseptualisering van die akademiese programme.*
- *Inisiëring van matige groei op die voorgraadse BEd-vlak ('n inname van 230 studente per jaar).*
- *Vestiging van 'n 40:60-verhouding van voorgraadse teenoor nagraadse studente.*
- *Verhoging van die voorgraadse generies swart (sambreelterm vir swart, bruin en Indiër-) studentekomponent tot 30%.*
- *Aanvulling van die swart personeel tot 49,9% (tans 34,9%).*
- *Konsolidering van ons Veeltalige Taalplan.*
- *Verhoging van die welwees van ons personeel.*
- *Halvering van die tydperk waarin nagraadse studente hul kwalifikasies voltooi.*
- *Uitbreiding van ons diensleerinisiatiewe en skoolvennootskappe.*

Die Fakulteit het hom daartoe verbind om 'n sterk, lewendige en skeppingskragtige navorsingskultuur onder sy personeel en studente te vestig, want juis dit sal die waarskynlikheid verhoog dat ons die voorste navorsingsgedrewe opvoedkundefakulteit in die land word. As blyk van die Fakulteit se navorsingsgedrewe kultuur het personeellede en nagraadse studente nasionale en internasionale jaarkonferensies vir die volgende liggame gereël: die Suider-Afrikaanse Vergelykende en Geskiedenis van Opvoedkunde-vereniging, die Kenton Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, die Internasionale Vereniging vir die Bevordering van Kurrikulumstudie (driejaarliks), die Internasionale Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Sport vir Meisies en Vroue en die Wes-Kaapse Streekstudenteforum.

Die aantal navorsers in die Fakulteit wat deur die Nasionale Navorsingstigting geëvalueer is, het toegeneem tot twee navorsers met internasionale status (*B-evaluering*), sewe gevestigde navorsers (*C-evaluering*) en twee laatinskrywings (*L-evaluering*).

In aansluiting by die Fakulteit se strategiese prioriteit om te toon dat voortreflikheid en diversiteit na regte naas mekaar moet bestaan, het ons ons diversiteitsinisiatiewe gekonsolideer en uitgebrei deur binne 'n enkele jaar agt fakulteitslede uit die generies swart aangewese groepe aan

te stel. Soos tevore het stewige getalle ingeskryf vir die Gevorderde Onderwysertifikaat-programme in Wiskundige Wetenskappe, Wiskundige Geletterdheid, Natuurwetenskappe en Lewenswetenskappe (*151 studente*), Kuns en Kultuur (*40*) en Skoolbestuur en Leierskap (*141*), ondersteun deur inisiatiewe van ons Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (*IWWOUS*) en die Sentrum vir Leierskap en Bestuur in die Onderwys (*SELEBOUS*). Die Fakulteit sien dus om na die land se onderwysprioriteite deur bevoegde wiskunde- en wetenskap-onderwysers en bevoegde skoolleiers te lewer. Altesaam 128 studente het in Desember 2009 hul sertifikate verwerf.

As vooraanstaande onderwyseropleidingsfakulteit het ons weer eens ons akademiese werk toegespits op die lewering van Stellenbosch-opvoeders wat die gehalte van onderrig en leer in openbare skole kan verbeter. Hulle bring hoop aan die gemeenskappe waar hulle dien deur die implementering van inisiatiewe wat voldoen aan 'n demokratiese burgerskapopvoedingsagenda (die kweek van 'n kritiese ingesteldheid, van deurdagtheid en van die bereidwilligheid om verskille te erken en te eerbiedig). Verskeie noemenswaardige stappe is moontlik gemaak deur eksterne ondersteuning, veral uit die Departement Onderwys se Funza Lushaka-beursskema. Altesaam 504 studente (*274 in 2008*) wat vir die BEd, die Nagraadse Onderwysertifikaat (*NOS*) en sekere BComm-, BA- en BSc-programme geregistreer het, het beurse (*R50 000 elk*) van die Departement van Onderwys ontvang. 'n Honderdtal opvoeders uit Wes-Kaapse openbare skole het indiensopleiding ontvang deur kortkursusse in leierskap en bestuur te deurloop. Daarby het 20 magister- en agt doktorsale studente gegradueer, mense wat nou demokratiese verandering in hul gemeenskappe teweeg kan bring. Universiteitsbefondsing het voorts bygedra tot die implementering van ons Veeltalige Taalplan, wat gerig is op studentediversiteit en akademiese voortreflikheid.

Vier nie-akademiese personeellede het die aansienryke Rektorstoekenning vir Voortreflike Diens ontvang. Twee akademiese personeellede het gesamentlik die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie ontvang. Vir die Dekaansmedalje in Opvoedkunde vir Voortreflike Akademiese Prestasie is die volgende benoem: Alexandra Butterfield (*HonsBEd*), Elsje Kemp (*NOS*), Marelize Nel (*BEd (Algemene Onderwys)*), Ronel de Vos (*BEdPsig*), Kerryn Ross (*HonsBSportwet*) en Rori Fortuin (*HonsBSportwet in Biokinetika*).